


*OPENING OF THE DELAGOA BAY RAILWAY. THE TRIUMPHAL ARCH NEAR Z.A S.M.-HOUSE, PRETORIA*
*(Museum, Alb. D No. 75)*

# ENKELE HERINNERINGE

*(Die skrywer van hierdie herinneringe, mnr. L. R. Middelberg, is die jongste seun van G. A. A. Middelberg, indertyd direkteur van die N.Z.A.S.M. in Pretoria. Na hy 'n gedeelte van sy jeug en skooljare in Pretoria deurgebring het, het hy die stad in 1900 verlaat, en toe, na baie jare, in 1951 hom weer hier kom vestig.)*

Toe die redaksie van **Pretoriana** my versoek het om iets oor my herinneringe aan ou Pretoria te skrywe, het ek eers gedink dat dit te persoonlik sal wees om vir die lesers van die blad van belang te wees, maar tog dink ek nou dat daar wel iets kan vertel word wat van voldoende belang is om die aandag vir 'n oomblik te boei van hulle wat graag in die gebeurtenisse van die ou dae belangstel.

Ek het Pretoria gedurende die jare 1894 tot 1900 geken. Dit was toe nog maar 'n klein dorpie as mens dit met die stad van vandag vergelyk. Die ou-begraafplaas en die „race course" het die dorp aan die weste afgesluit. Aan die noorde kant was die grens die Daspoortheuwelreeks. Arcadia aan die oostekant het nie verder gereik as Parkstraat tot effens verby Wesselsstraat, en Sunnyside tot aan Celliersstraat nie. Net in Kerkstraat tussen Potgieter- en Prinsloostraat was daar winkels. Ook was daar 'n paar winkels in Markstraat-Suid (tans Paul Krugerstraat). In die ander strate was daar net woonhuise met mooi tuine. En nou dat die ou dorp grotendeels 'n sakesentrum geword het, kan mens verstaan dat daar maar min van die woonhuise van die toenmalige vooraanstaande inwoners oorgebly het. Ek ken nog net die huise van die generaals Piet Joubert en Nicolaas Smit, altwee in Visagiestraat. Die huis van die posmeester-generaal Izaak van Alphen, is eers onlangs afgebreek.

In dié tyd was die Apiesrivier nog 'n rivier. Nie al die water wat by die Fonteine opgevang is, was nodig vir die waterleiding nie. In die rivier het nog baie water gestroom en daar was nog 'n groot aantal swemplekke. Langs die hoofstrate was nog orals vore met stromende water.

Die ou Volksraadsgebou was die middelpunt van die amptelike lewe en — gedurende die sitting van die Volksraad — ook van die politieke lewe. Die raadslede in hulle swart klere was bekende figure op die Kerkplein en omgewing. Die President het twee maal per dag vanaf sy huis na die Volksraadsgebou gery. Gedurende die latere jare het hy in die koets, (wat nou nog in die Krugermuseum staan) geëskorteer deur berede polisie, gery. Soos bekend was die President vir almal maklik bereikbaar en dit was dan ook 'n gewoonte dat die leerlinge van die Staatsgimnasium hom op sy verjaarsdag gaan gelukwens het. Die Presidentshuis was dié dag dan ook 'n versamelplaas van alle vooraanstaande inwoners van Pretoria.

'n Belangrike gebeurtenis in dié dae was die oprigting van die Staatsgimnasium in 1893. In die begin was die skool gehuisves in 'n klein woon-

huis op die kerkplein, waar nou die Reserwebank staan. Daarna het die skool verhuis na 'n paar lokale van die Staatsmeisieskool in Skinnerstraat. Toe die ruimte daar te klein word, is vir 'n tydjie skool gehou in 'n woonhuis op die hoek van Andries- en Pretoriusstraat en in 'n lokaal in Bureaustraat — om daarna te verhuis na die nuutgeboude skool op die hoek van Proes- en Bosmanstraat (toentertyd nog Kochstraat genoem). Die inbruikname van die skool het met groot plegtigheid plaasgevind. Mens kan dit verstaan want dit was die eerste skool in die Republiek wat hoër onderwys gegee het. Dit was die begin van groot planne by die regering. Die President was, met die Uitvoerende Raad en baie volksraadslede, teenwoordig en het ons leerlinge toegespreek. Ek weet nog goed hoe hy sy toespraak begin het deur aan ons te vra: „Kinders, waarvoor is julle hier?" Ons het luid geantwoord: „Om te leer, President, om die wysheid!" Daarna het hy ons vermaan om ywerig van die geleentheid om te leer gebruik te maak en God in ons lewe te dien.

Van die onderwysers van die Gimnasium wil ek noem die Rektor Dr. Reinink wat in die tyd en later as Professor aan die Universiteit veel invloed op die klassieke vorming van sy leerlinge gehad het — en Nico Hofmeyr, skrywer van „Kykjes in onze Geschiedenis", wat as geskiedenisonderwyser by sy leerlinge die liefde gewek het vir die voorvaders in hulle stryd om Suid-Afrika bewoonbaar te maak. Ek is altyd nog trots daarop dat ek tekenlesse gehad het van twee bekende Afrikaanse kunstenaars; eers van mnr. Van Wouw en later van Frans Oerder. Laasgenoemde was toe net „ontdek" deur 'n paar Pretoriase kunskenners. Sy ateljee was in 'n klein huisie in die blok waar nou die poskantoor en die belastingkantoor staan.

Toe in 1895 die spoorweg na Delagoabaai gereed gekom het en die Republiek daardeur 'n van Engeland onafhanklike verbinding met die buiteland gekry het, het die regering die gebeurtenis met groot feestelikhede beklemtoon. Die Nederlandse regering het 'n oorlogskip na die Baai gestuur en die offisiere het die President kom gelukwens. Die dorp was skitterend versier. Op die vier toegange tot Kerkplein het mooi erepoorte gestaan en Markstraat-Suid was tot by die stasie versier met guirlandes en erepoorte. Groot funksies het plaasgevind in die Marksaal wat o.a. versier was met dekoratiewe landskappe geskilder deur Anton van Wouw. Die feeste is afgesluit met 'n groot vuurwerk op die Markplein.

In dieselfde Marksaal, wat vir die spoorwegfeeste so mooi versier was, het later die verhoor van die vier vernaamste „reformers" plaasgevind en is onder 'n doodse stilte deur hoofregter Gregorofski die doodvonnis oor hulle uitgespreek. Reeds die volgende dag is hulle deur die President begenadig. Maar die mense het toe al gevoel: Dis die begin van die konflik met Engeland. In 1899 het die oorlog dan ook gevolg. Die verhoor van die „reformers" het 'n merkbare terneerdrukkende stemming by die inwoners gaande gemaak.

Nieteenstaande al die politieke moeilikhede was die lewe in Pretoria in dié dae gesellig en rustig. Motorkarre was nog onbekend en die enigste vervoermiddels in die stad was op of agter 'n perd in 'n spider of cab. Die inwoners het, om so te sê, mekaar nog almal geken. Maar ontwikkeling is onvermydelik en dis net die aangename herinnering wat die oudag van 'n mens veraangenaam.

L. R. MIDDELBERG.

# PRETORIA FIFTY YEARS AGO

## IV

In this issue Mr. Beanes concludes his interesting series on Pretoria half a century ago. On behalf of our readers the editor would like to thank Mr. Beanes for the willingness with which he complied with our request to write these articles. He has set the example for others to follow so that the rising generation in Pretoria may realise that wherever they may walk in our city, the past is alive in the present and that the future growth of our city will be impregnated by the spirit of a heritage of which all Pretorians feel justly proud.

Bioscopes also started about that time. The first that I can remember was in one of the shops in van Erkom's Building, Pretorius Street. Carl Reck had a combined skating rink and bioscope, another was in the old church at the corner of Market and Minnaar Streets. About the time of Union, a really stylish bioscope opened under the name of the Vaudette Theatre. It was on the upper floor of the Masonic Hall which now houses the State Library.

There were no building Society Buildings such as are now springing up. In those days what buildings societies there were were housed in estate agents' and accountants offices as a side line.

Indians did a lot of hawking in those days. Vegetables and fruit were brought round in a large basket generally carried on the head, while others would arrive with kitchen utensils, brushware, etc., but I think the women-folk enjoyed the silk and piece goods trader who arrived at the front door and displayed his wares on the stoep. What a joy if two or three women happened to be at home.

Electric light in houses was not general and many had to rely on paraffin lamps and what a messy job it was filling the lamps, trimming the wicks and cleaning the glasses, but it was all part of the week's work.